Gebruik plaagdoders omsigtig, vra staat

Deur JOHAN COETSEE

Hoewel die gebruik van plaagdoders 'n integrale deel van die landbou is, is dit egter altyd nodig om dit met die grootste omsigtigheid te gebruik sodat dit die minste risiko's vir mens en dier inhou. Verhoogde voedselproduksie en daarmee saam die groter verbruik van plaagdoders moet nooit ten koste van voedselveiligheid wees nie.

Dr. B. Ntshabere van die Departement van Landbou, die genooide spreker op die Pestbiz-konferensie wat deur die SA Plaagbestrydingsvereniging in Somerset-Wes gehou is, sê die verantwoordelikheid daarvoor lê by elkeen wat betrokke is by plaagdoders, ook die handelaars daarvan. Elkeen moet tot die veilige gebruik van sulke middels bydra.

Vir voedselveiligheid in die toekoms word na die vereniging opgesien. Dit kan net gedoen word as die vereniging in volle vennootskap met almal betrokke is wat 'n gemeenskaplike doelwit het dat plaagdoders doeltreffend en veilig vervaardig, gebruik en van ontslae geraak word.

Ntshabere het 'n beroep gedoen dat net geregistreerde produkte gebruik moet word en ook net waarvoor dit geregistreer is. Gebruikers moet rekord hou daarvan en ag slaan op die waarskuwings wat op sulke produkte aangebring word, voor én na aanwending. Voorts moet alle chemikalieë altyd agter geslote deure gehou word, werkers en gebruikers wat daarmee werk, moet opgelei word vir die taak en leë houers moet op die regte wyse van ontslae geraak word.

Die huidige geslag het die verantwoordelikheid dat 'n beter wêreld vir die nageslag nagelaat word, en in dié stadium "misluk ons klaaglik".